

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: “Om Gods Gees te ontvang...”

Skriflesing: Johannes 20:19-31 (1953)

¹⁹ EN toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!

²⁰ En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien.

²¹ Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

²² En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.

²³ As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.

²⁴ En Thomas wat genoem word Dídímus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie.

²⁵ Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.

²⁶ En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!

²⁷ Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.

²⁸ En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!

²⁹ Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

³⁰ Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie;

³¹ maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.

Broodjies vir die pad

“Parents rarely let go of their children, so children let go of them. They move on. They move away. The moments that used to define them - a mother's approval, a father's nod - are covered by moments of their own accomplishments. It is not until much later, as the skin sags and the heart weakens, that children understand; their stories, and all their accomplishments, sit atop the stories of their mothers and fathers, stones upon stones, beneath the waters of their lives.”

— Mitch Albom, *The Five People You Meet in Heaven*



Dorre aarde in 'n lushof omgetower

Gerhard Verdoorn

Magtige waters vloei die dorre landskap in en vou soos 'n palmtak in die hart van die Kgalagadi oop.

Somerkrake in die gapende grond sluk gulsig aan die water wat die wonde met lafenis vul. Sover die oog kan sien, swel water in die Okavango se are en word die hart van die Kgalagadi weer vol lewe.

Palms bring nuwe blare voort en riete wuif met nuwe gewaad in die laatsomerbries. Rivierperde dryf uit hul skuilings na die oop water en koggel mekaar met vreesaanjaende beke vir die beste stanings.

Otters swem rugkant onder en peusel aan vars vis wat soos manna saam met die nuwe water aangekom het. Swerms voëls drup uit die hemel neer en spat gretig in die nuwe water rond.

Die moeras se reuse kom soos skimme uit die dorre mopaniewêreld na die aanloklike nuwe wêreld waar die aarde 'n fees van nuwe lewe baar.

Met opgewonde trompetgeskal sak die groot grys lywe die water in. Slurpe steek nuuskierig bo die water uit en lees die wêreld se geurekoerant: groen grasse, palmvrugte, sappige rietbeddings en knolle wat blom maak om die aptyt ná die waterseremonie te bevredig.

Die visarend aanskou die kinderlike gespeel vanuit sy boompaleis waar sy nes voering dra vir die nuwe eier wat met die eerste koue winde sal aankom.

Die bontvisvanger hang op trillende vlerkies bo die water voor hy die dieptes inpyl agter klein vissies aan.

Op die eiland lê die groot reptiel oopbek in die son. Kiewiet patrolleer om die oerdier en vang insekte wat die krokodil pla. 'n Likkewaan sluip skelm by grootneef verby en plons die water in om veiliger jagplek te gaan soek.

Vinke hang soos goudgeel blomme aan die palmtakke en fladder vlerke vir die wyfies se aandag. Op die vergane boom sit waterskilpaaie soos sfinkse en bak hul platbordlywe warm in die son. 'n Baber dryf lui-lui in die koelte van die palmbome en pik na waterhondjies wat op die water draf.

'n Naaldekokker flits soos 'n vegter heen en weer. Die byevreter duik op hom af en beëindig die langvlerk se aanval met een swiep van die bek.

Oor die watervlakte kom 'n groot voël aangevlieg. Sy kop draai dwars en die groot oë soek onder die water waar die groot vinne skuilhou. Die visarend sien die gevleuelde jagter, maar laat hom vir eers met rus, want sy krop bult nog van die oggend se baber.

Die visvalk draai om en patrolleer weer die gebied. Dan steek hy vlerke agtertoe, duik verbysterend die water in met water wat 'n reënboog sproei.

Met kop wat water wegskud, styg die valk die water uit en dra sy vangs met stewige kloue na die palmbome.

Visarend gooi kop agteroor en kondig die middaguur aan terwyl die visvalk sy prooi verskeur. Die son draai wes wanneer 'n swerm nimmersat-ooievaars met groot geel bekke op die bome land.

Die visserman se uitholboom dryf rustig in die waters rond terwyl hy 'n eentonige deuntjie sing. Afrika, o my Afrika . . .

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dorre-aarde-in-n-lushof-omgetower-20170529>



“Normality is a paved road: It's comfortable to walk, but no flowers grow on it.”

– Vincent van Gogh

“If the heart of Africa remained elusive, my search for it had brought me closer to understanding myself and other human beings. The ache for home lives in all of us, the safe place where we can go as we are and not be questioned. It impels mighty ambitions and dangerous capers. We amass great fortunes at the cost of our souls, or risk our lives in drug dens from London's Soho, to San Francisco's Haight-Ashbury. We shout in Baptist churches, wear yarmulkes and wigs and argue even the tiniest points in the Torah, or worship the sun and refuse to kill cows for the starving. Hoping that by doing these things, home will find us acceptable or failing that, that we will forget our awful yearning for it.”

– Maya Angelou, All God's Children Need Traveling Shoes

Brood vir die pad

Soms wag ons eintlike wortels nog vóór ons

In Hebreërs 11 – dié klassieke hoofstuk oor die aard van geloof – moedig die skrywer lesers aan om in die geloof te volhard ondanks vele vrae en vervolging deur hulle te herinner aan vroeëre gelowiges wat dit eweneens gedoen het.

'n Wolk van getuies noem hy dié figure later, as 't ware rëndom sy lesers, wat hulle aanmoedig en inspireer.

Van elk van dié getuies beskryf hy op 'n unieke manier hoe hulle vanuit die geloof gelewe het.

Elke beskrywing is interessant, maar min só merkwaardig soos die een van Abraham. Omdat dié geglo het, (Heb. 11:9-10) het hy naamlik in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land, in tente, soos ook sy mede-erfgename van dieselfde beloftes Isak en Jakob, want Abraham – so formuleer hy – “het uitgesien na die stad met vaste fundamente” waarvan God self die ontwerper en bouer is.

Wat 'n vreemde uitspraak!

Vir Abraham lê die stad “met vaste fundamente”, dié stad waarop hy sy lewe bou, waarvoor hy álles waag, álles opoffer,

nie iewers ágter hom nie, maar nog êrens vóór hom. Die stad wág nog. Dié stad kóm nog.

Abraham onthou nie dié stad nie, hy verwág die stad. Hy kyk nie terug na die stad nie, hy sien uit na die stad. Hy gedenk nie die stad nie, hy hoop op die stad. Hy bewaar nie iets wat vroeër was nie, hy beywer hom vir iets wat nog nie is nie – en dit boonop “met vaste fundamente”!

Die fundamente waarop hy bou, is nie onder nie maar vóór hom, in die toekoms, hy sien dié onsienlike beloftes ondanks die harde sienlike en werklike oral om hom, suggereer die skrywer.

Sy home, sy tuiste, sy *roots*, sy vaste anker lê nie agter nie, maar wág nog en kóm nog.

Merkwaardig.

Hebreërs is geskryf aan “die wandelende Godsvolk”, sê uitleggers graag, bedoel vir reisigers, mense op weg, pelgrims, dwalend in 'n woestyn. Om hulle te help om nie moed op te gee langs die pad nie maar aan te hou, uit te hou, vol te hou.

Die reis gaan aan, die toekoms wink en wag, die nuwe lê nog voor.

Dié gees van Hebreërs weerspieël iets van die gees van Pinksterfees in die kerk, die fees van die vóórsmak, van die eersteling van die volle oes wat nog wag, die fees van reikhalsende verlanse, van wag en roep om die kóm van wat nog nie is nie, maar vás belowe is.

En wie ken dan nie die krag van sulke wortels wat nog net vóór ons swewe nie? – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/soms-wag-ons-eintlike-wortels-nog-voor-ons-20170526>



“There is nothing that can replace the absence of someone dear to us, and one should not even attempt to do so. One must simply hold out and endure it. At first that sounds very hard, but at the same time it is also a great comfort. For to the extent the emptiness truly remains unfilled one remains connected to the other person through it. It is wrong to say that God fills the emptiness. God in no way fills it but much more leaves it precisely unfilled and thus helps us preserve -- even in pain -- the authentic relationship. Further more, the more beautiful and full the remembrances, the more difficult the separation. But gratitude transforms the torment of memory into silent joy. One bears what was lovely in the past not as a thorn but as a precious gift deep within, a hidden treasure of which one can always be certain.”

– Dietrich Bonhoeffer



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*



“music isn't just something that comforts or distracts us, it goes beyond that - it's an ideology. you can judge people by the kind of music they listen to.”

– Paulo Coelho, The Witch Of Portobello